

19 Januarie

Wees altyddeur bly!

Skrifgedeelte: Filippense 4:1-11

Fokusgedeelte: Filippense 4:4

Soos wat Dawid in Psalm 100 sy lesers herhaaldelik beveel om die Here met blydschap en gejubel te dien, só is Paulus se oproep hier nie net 'n opwekking nie, maar 'n duidelike bevel: "Wees altyd bly!" Dit beteken ons moet nie net onder sekere omstandighede bly word nie, maar altyd bly wees, omdat ons redding ewigblywend is. Ons moet ook nie net oor iets spesifiek bly wees nie, maar altyd in die Here bly wees. Omdat ons redding ewigblywend is, moet ook ons blydschap blywend wees. God verwag dit van ons. Dit is ons roeping. In die oorspronklike taal het die woord *blydschap* en *genade* dieselfde stam. Dit sê presies wat blydschap is: 'n genadegawe van God.

Wat is mooier as die blydschap van 'n uitgelate kindjie, die innerlike vreugde van 'n moeder oor haar eersteling, of die blye berusting van 'n grysaard op sy sterfbed? Daarteenoor is dit verskriklik om te hoor: "Ek het niks om oor bly te wees nie!" Erger nog: "Ek het niks om oor te kla nie!" Soos vriendelikheid, werk blydschap aansteeklik. Egte blydschap is 'n duidelike bewys van die teenwoordigheid van die Heilige Gees in jou hart. 'n Goeie boom dra tog nie slegte vrugte nie!

As jy dit moeilik vind om altyd bly te wees, bid dan – nie vir iets om jou bly te maak nie, maar vir blydschap self, as vrug van die Heilige Gees. Natuurlik sal jy by tye droefheid ervaar. Trouens, Jesus het dit voorspel. Hy het egter bygevoeg (Joh 16:20): "Julle sal bedroef word, maar julle droefheid sal in blydschap verander." Saam met die belofte het Hy dié vaste versekering gegee (Joh 16:22): "... en niemand kan julle blydschap van julle wegneem nie."

Sing: Psalm 100:1, 3

Dr. DR Fouché (Emeritus)